

# Maandag 30 Augustus

Skrifgedeelte: Job 42:1-6

Fokusgedeelte: Job 42:5, 6  
(1983-vertaling)

## Hoor wat God self sê

Job het tot ander insigte gekom as dit oor al die “waaroms” van die lewe gaan. Aan die hand van die voorbeelde van die seekoei en die krokodil is God by magte om al sy planne op die aarde te verwesentlik. Die seekoei en die krokodil kan nie in ons wildste drome aan mense onderwerp word nie, en God het daarmee sy doel.

Job kom tot die besef dat dit verkeerd is om met God te begin redeneer oor wat sy bedoeling is met alles wat gebeur. Daar is ’n grens gestel aan menslike vermoëns en insig. Job voel dat hy kon praat toe hy (en sy vriende) alleen met menslike perspektiewe rekening moes hou, en toe hy oor God se werk kon praat asof dit dieselfde as mense se werk was. Maar dit was alles niks meer as ’n gepraat en hoorsê nie. Toe hy met God self moes redeneer en sy saak stel, kon hy nie meer antwoorde gee nie. Hy het God se werk in die wonderbare skepping gesien, en alles het skielik anders geword. Alles wat Job in sy menslike beperktheid beweer het, trek hy terug. En hy val in eerbied voor God op die grond neer, en voel niks beter as stof en sand nie.

In ons baie vrae na die “waaroms” van die lewe, kom ons noodwendig op daardie plek dat ons nie meer al die antwoorde kan gee nie. Ons menslike insigte het beperkings en grense. Dit is dan dat ons staatmaak op geloof, om oortuig te wees van die dinge wat ons nie sien nie (vgl. Heb.11:1). Die geloof in God die Vader en ons voorsiening, in Jesus Christus en ons verlossing, en in die Heilige Gees en ons heiligmaking.

*Sing: Psalm 77-1:1, 6*

*Dr. J Lion-Cachet (Jan) (Klerksdorp)*